# Hoofstuk 22

BELANGRIKE RAAD VIR OPVOEDING (17.07.1840) HIM1.050

Op aanvraag deur A.H., of hy die opvoeding van sy kinders kon toevertrou aan 'n jong man wat na hom toe gekom het.

01] Vertel aan A.H.: Ek het sy hart ondersoek en 'n eerlike gees daarin gevind! Ek sal hom raad gee; dit sal hy wel ter harte neem en dienooreenkomstig optree!

02] **Niemand kan iets gee wat hy nie het nie!** Maar onderrig benodig nie net 'n goeie, gewillige hart nie, maar ook 'n goed onderrigte, deur My aangetrokke gemoed. Want wie hom nog nooit deur My laat trek het nie en nie weet waar en wie Ek is en hoe Ek werk nie – waarheen sal so iemand die kleine kindertjies trek?!

03] Behandel dus hierdie jongman as 'n dubbele arme! - jy kan jou kinders deur hom laat onderrig in lees, skryf en rekeningkunde en ook in ander "**Blindwerk Wetenskappe"*.** - Maar wat My aanbetref, is dit nie moontlik nie. Daar behoort jy, in soverre dit die uiterlike kerk betref, die kinders deur 'n verstandige kapelaan te laat onderrig; nogtans moet jy die hart getrou bearbei, **slegs volgens My leringe wat Ek jou gegee het.** **(Die volgende sake is ter sprake (om maar net 'n paar te noem!): Kosmologie, Ligstrale, Die Giroskoop, Gravitasie, Insek- en voël- navigasie, Kristal vorming.* ***("Blindwerk Wetenskappe")***

04] Wat egter die jongman in besonder betref, staan hy soos alle ander in My Liefde en kan hy, as hy wil, maklik, soos enigiemand anders, My Genade vind en die lewe daaruit.

05] Lei hom dus na My kneg (JL), sodat hy hom die pad kan wys. En as hy dit wil bewandel, sal dit vir hom baie nuttig wees, beide tydelik en ewiglik.

06] **Nogtans moet hy nie in die minste gedwing word nie,** deur wat ookal; maar moet hy self die raad van My kneg as die hoogste middel (tot lering) beskou, **sodat Ek sy behoefte word**, en so word hy van alles voorsien.

07] Maar kyk altyd na hom met verstandige erns. En sou jy enigiets teen hom hê, moet jy hom dit altyd onder vier oë sê.

08] Hy moet deur die raad van My dienaar gelei word, en jou alleen gehoorsaam. En in hierdie gehoorsaamheid in Hom, moet (ook) die kinders streng gehoorsaam wees, in alles wat hulle betref, waarin jy hulle verordineer het. Maar in alles skyn My wil vooruit!

09] Sou jy My gehoorsaam wees, dan word hierdie gehoorsaamheid sigbaar in die mense en aldus ook in die kinders. En dan kan hulle spoedig soos 'n kleine kudde onder My, die enigste goeie Herder, staan. - Amen. Ek, die aller enigste goeie Herder! - Amen.

# Hoofstuk 23

OPVOEDINGSWENK (30.11.1840) HIM1.231

01] En luister nou, My liewe Andreas - Dienswillig, ten slotte: Dit is 'n klein wens van My teenoor jou - en jy weet nou reeds wat Ek bedoel met "wens", **naamlik die vereniging van My wil met joune** - dat jy jou kinders (tugteloos) geen vrye wil toelaat nie; maar wat jy hulle laat leer, dit moet hulle vrywillig leer uit gehoorsaamheid aan jou, **of dit hulle behaag of nie**. Maar as jy dit of dat goed vind, moet dit ook goed en reg vir hulle wees, want dit is goed en reg vir jou. En dan word dit werklik, daaruit, goed en reg, omdat dit **geheilig word deur die gehoorsaamheid**. Maar anders word alles sleg en nutteloos.

02] Jy sien, die fout in alle opvoeding bestaan gewoonlik daaruit, **dat die ouers die saak van die kinders nie belangrik genoeg ag nie**. Maar dink net daaraan, waar die onderrig by My begin, van watter belang selfs 'n sonstoffie vir My moet wees! En dink nou daarna vir jouself, hoe dit vir 'n kind is! - As jy goed daaraan dink, sou jy dit maklik insien, waarom die opvoeding van kinders baie aandag moet geniet!

03] Kyk, My liewe Dienswillige, wandel altyd ywerig in My weë, en Ek sal jou in ewigheid nie uit My Liefde laat gaan nie, en Ek sal altyd jou goeie, heilige Vader wees en vir ewig jou grootste, allergrootste Beloning wees. - Amen.

# Hoofstuk 24

HUWELIK HUISREËLS EN KINDERLIKE TUG (05.01.1841) HIM1.256

01] So, luister en skryf nou: Maar Ek sê vir jou dat elkeen wat My Evangelie nie sal nakom nadat Hy dit gehoor het en enigsins deurdink het nie, kyk, Hy is nog lank nie geskik vir My koninkryk nie, omdat Hy die wêreld steeds meer vrees as vir My. Hy wil My liefhê naas die wêreld; maar kyk, Ek kan nie langs die wêreld liefgehê word nie, omdat die wêreld deurgaans nie in My Liefde staan nie, maar tot op die laaste stoffie, voortdurend, slegs op grond van My barmhartigheid, in My onverbiddelike oordele staan en bestaan. Want Ek kan net aanbid word in die Liefde en Genade, maar is ewig ontoeganklik in My oordele, wat die Heiligheid van My ewige verordeninge is, volgens My oneindige Wysheid.

02] Maar wanneer 'n broer, wat gebid het vir 'n woord van lig, in die boek van My Liefde en Genade gelees het, dat daar gesê word: "*Kyk, die kinders van die wêreld is dikwels wyser as die kinders van die lig! **(Lukas 16:8)*** - waarom hou hy nie daarvan om na sy vrou se wysheid te luister en sy kinders meer lief te hê as wat nodig is nie, en nie streng daarop ag slaan dat die kinders getrou hul moeder in die huislike wysheid gehoorsaam nie, iets wat onvergelykbaar beter is as al die nuttelose wetenskappe waarmee hy die koppe van

sy kinders wil volstop. O hierdie (laaste een) is beslis nie die regte weg na My koninkryk nie!

03] Hy kan inderdaad die kinders met nuttige vakke besig hou, maar andersins moet hy nie die lotsbestemming van die meisie en ook nog daarby nie die bestemmings van die seun uit die hart en uit die oog verloor nie, anders sal dit eendag met hom gebeur dat hy sy kinders groot leed sal aandoen. **Want hulle sal dan hulle voortdurende wil oor sy kop opbou en sy hart verpletter met hulle ontembare hande, omdat dit reeds te swak is en té toegeeflik is in baie opsigte, om die nou nog sagte hande van die kinders in bedwang te hou!**

04] Hy moet dus nie luister na al die moontlike klagtes van sy kinders nie, maar eers te alle tye mededoënloos en streng ondersoek instel na die werke van blinde gehoorsaamheid, sowel teen sy wil, soos teen die huishoudelike leiding van die moeder, wat immers die grootste deel van die dag alleen saam met die kinders moet deurding. En hy moet maar ook eerder liefdevol en wettiglik inskiklik wees, sonder om van enige van sy vaderlike regte afstand te doen, eers met sy vrou in die geheim kommunikeer (dit wil sê, nie voor die kinders nie), en in huishoudelike wysheid, volgens My Raad, nie haar moederlike werksfeer teveel inperk nie. Dan sal alles in die geheel binnekort 'n ander, beter wending neem.

05] Hy moet net in My Boek die Liefde en alle Genade sien, wat Ek reeds aan die Apostels gesê het, hoe 'n baie groot ding dit is om 'n wyse en getroue huishouer te wees, wat die Meester oor sy knegte aanstel, sodat Hy hulle te alle tye hulle verdiende loon kan gee. Daarby moet hy die regte tyd kies en volgens My norme die loon bepaal, sodat niemand fisies, of nog minder geestelik, skade ly nie! Want Ek het gesê, en sê nou weer vir jou, "*Geseënd is die kneg wat sy meester, wanneer hy kom, hom dit só sal sien doen. Voorwaar Ek sê, Hy sal hom oor al Sy goed aanstel.*"

06] Maar as jou broer ook 'n rentmeester en kneg van My geopenbaarde woord van Liefde en Genade geword het, hoe is dit dat hy My verwag, en Ek mag nog nie kom nie? Dit is omdat hy nog nie sy huis goed genoeg georden het nie! Maar as 'n huis nie goed genoeg georden is nie, is dit steeds baie soos 'n vergulde stuk lood, wat van buite glinster asof dit goud is, en ook die gewig van goud het - maar luister, vir sover dit die innerlike gehalte en waarde aanbetref, is dit net 'n waardelose stuk metaal en nog ver van goud af.